

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 105      24 Februarie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Weer eens Transformasie

Verandering is weer op die voorgrond, en hierdie keer is die wagwoord “radikale ekonomiese transformasie”. Daar is eintlik so baie name vir hierdie rassistiese, neo-Marxistiese ideologie dat ons kan kies en keur. Transformasie, swart ekonomiese bemagtiging, regstellende aksie en vele ander woorde word gebruik om rasgebaseerde sosiale manipulasie af te dwing. Die teken in die soeke na die sogenaamde reënboognasie is deurgaans dieselfde: blankes en veral blanke mans. Die manipulasiemiddel is dieselfde: Skuld vir ’n sogenaamde troebel verlede. Die einddoel is dieselfde: Alle rykdom in swart besit en alle blankes vernietig.

Vir diegene wat wil protesteer en aandring daarop dat hierdie sosiale transformasie nie plaasvind deur rassiste wat net velle en onreg teen swartes (waar of vermeende onregte) tel nie, noem ons die volgende sogenaamde sake wat aangespreek moet word deur radikale ekonomiese transformasie. U sal sien dat dit telkens teruggevoer word na ras:

Die minister van kommunikasie, Faith Muthambi, stel (vry vertaal); “Die ANC en die President kon nie brawer en meer direk

gewees het in die president se definiëring van die betekenis van radikale ekonomiese transformasie nie – dit verwys na ’n fundamentele verandering in die struktuur, sisteme, instellings en patrone van eienaarskap, bestuur en beheer van die ekonomie ten gunste van alle Suid-Afrikaners, veral die armes, van wie die meerderheid Afrikane (swart) en vroulik is.”

Vukani Mde wys op uitgebreide wyse brandpunte. Hy stel as volg:

- “Grondrestituisie: Die meeste grond in die RSA is in Staatsbeheer terwyl die mees produktiewe en winsgewende grond in die blanke minderheid se besit is. Die vorige pogings tot restituisie het nie geslaag nie;

- Statistiek ten opsigte van grond en eiendomsbesit wys dat sodanige besit erg skeef getrek is ten gunste van blankes.

- Aandele besit: Swart eienaarskap van die geakkumuleerde rykdom in die aandele beurs word op 10% geraam.

- Arbeid gelykheid: Ekonomiese gelykheid het gehelp dat daar meer swartes en vrouens in die arbeidsmark is, maar buite die staat se bestuurstrukture word bestuur gereserveer vir blanke mans.

- Statistiek ten opsigte van ekonomiese eienaarskap: Behalwe vir die chaotiese, gewelddadige moeras van die Taxi-bedryf,

*is geen ander sektor van die land in swart besit nie.*

*• Mde noem dan ook sake soos BBEE, arbeidswetgewing, beskerming van arbeiders en verbruikers, armoede en ongelykheid. Telkens word die rassekaart gespeel. Volgens hom is die inkomste van 'n blanke gesin ses keer die van 'n soortgelyke swart gesin en sonder bewyse word beweer dat daar radikale inkomste dispariteit is."*

Die kombinasie van rassisme en sosiale Marxisme is 'n gevaarlike een. Wat is sosiale (of kulturele) Marxisme? Kulturele Marxisme is die ideologie wat die ongelykhede in die gemeenskap toeskryf aan kultuur. Deur die kultuur (struktuur) van die gemeenskap te verander (social engineering), kan die ongelykhede volgens die teorie uitgeroei word. Die klem op ongelykhede soos hulle presenteer, maak dat kulturele Marxiste die klem plaas op gelykheid van uitkomst (resultate).

Daar gaan met ander woorde nie gerus kan word voordat almal in dieselfde huise woon, dieselfde werk doen, dieselfde voordele het nie. Diegene wat hulle situasie wil verbeter, sal teruggetrek word omdat gelykheid van uitkoms voorskryf wat mense mag bereik.

Teenoor hierdie gelykheid is daar 'n ander gelykheid wat eerder voorgestaan moet/kan word, en dit is gelykheid van geleentheid. Sodanige gelykheid hou rekening daarmee dat ons nie almal dieselfde is nie, dat ons nie almal dieselfde nastreef nie en dat ons nie almal dieselfde vermoëns of werkywer het nie. Uitkoms word medebepaal deur vermoë, geleentheid, arbeidstoewyding en strewe tot prestasie.

Om die uitkoms vooraf te bepaal, werk negatief in op al hierdie faktore. Gelykheid van geleentheid is buitendien meer in lyn met die Bybel. Die Bybel wys ons op die luiaard

en sy lot. Die gelykenis van die talente speel in op die vermoëns wat verskillende mense het. Die voortreflike Spreuke 31 vrou dui op toewyding.

Marxisme se vertrekpunt is anti-geloof. Diegene wat 'n geloofsousie oor "opheffing en transformasie" wil gooi, verkul almal, hulself ingesluit.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **Persverklaring deur onder andere Boere-Afrikaner Volksraad. Uittreksel:**

*"In die eerste 14 dae van Februarie 2017 is 11 Boere-Afrikaner mans, vroue en bejaardes op plase grusaam vermoor - afgesien van verdere bloedvergieting wat in dorpe en stede veral teen ons weerloses, insluitende gestremdes, gepleeg is. Dit beteken 'n merkbare toename teenoor vroeëre statistiek.*

*Natuurlik skitter die Regering van Jacob Zuma in sy afwesigheid met enige reaksie; as 'n stilswyende goedkeuring dat ons mense erger as diere afgemaai word. Zuma homself het immers al die kreet aangehef: "We are going to shoot them...they are going to run...You are a Boer...Shoot the Boer...the Cabinet will shoot them...". Zuma se onderdane is besig om sy voornemens uit te voer. Hierdie is nie bloot "misdad" nie. Daar word 'n eenrigting-oorlog teen ons gevoer."*

Daar moet geen twyfel wees daaroor dat ons mense sagte teikens is nie, veral ons bejaardes. Kom ons staan saam teen hierdie aanslag.

### **UIT DIE GESKIEDENIS**

• Uit Lewensbrood 2017-2018: Johannes Gensfleisch zur Laden zum Gutenberg (ongeveer 1398 – 3 Februarie, 1468) was 'n Duitse drukker en uitgewer wat die drukpers

in Europa ingestel het. Voor sy uitvinding was dokumente met die hand gereproduseer, met al die probleme wat daarmee gepaard gaan. Sy meganiese drukpers met verskuifbare drukletters was 'n belangrike instrument om die kommunikasie tussen mense te bespoedig en meer bekombaar te maak. Skrywers en lesers het by die uitvinding gebaat. Die drukpers het 'n sleutelrol vervul in die vorming van die Renaissance, die wetenskapsrevolusie en die verspreiding van die Reformatoriese denke.

Voor die uitvinding van die drukpers is enige boek of selfs traktaat met die hand oorgeskryf. 'n Enkel bladsy kon wel gedruk word na 'n lang proses van 'n drukplaat uit hout kerf of in metaal ets. Dit was duur en tydrowend. Die drukpers het dit moontlik gemaak om baie vinnig en baie goedkoper boeke te produseer. Die drukpers sou daartoe lei dat baie meer mense geletterd geraak het. Die Roomse steun op die onkunde van die gepeupel was aan die taan. Nuwe idees en redenasies kon met die koms van die drukpers deur mense tegelyk gelees, oordink en beredeneer word. Getrou aan die gees van sy tyd, was die eerste volledige boek wat Gutenberg gedruk het, die Bybel.

- Martin Luther sterf op 18 Februarie 1546.
- 24 Februarie, 1582 – Pous Gregorius XIII korrigeer foute op die Juliaanse kalender (Die kalender deur Julius Caesar ontwerp en tot toe gebruik). Gregorius XIII korrigeer die kalender deur tien dae te laat verval en per dekreet te bepaal dat 4 Oktober 1582 sal gevolg word deur 15 Oktober 1582. Ander lande, insluitende die Protestantse lande het later by die reëling ingeval en ons volg nou nog die Gregoriaanse kalender. Niemand is

duus gebore op byvoorbeeld 10 Oktober 1582 nie!

### **Nuus uit die onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein**

Op Sondag 5 Februarie 2017 het DE Erasmus belydenis van geloof afgelê. Hy is die laaste van suster Mossie Erasmus se 6 kleinkinders wat in die (voortgesette) gemeente, (voorheen NHKA Bloemfontein-Wes) belydenis van sy geloof aflê. Op die foto verskyn van links na regs ouderling Jack Bezuidenhout, ds Strauss, DE , ouderling Mientjie Geyster en ouderling Jozef van Biljon.



Op Maandag 13 Februarie 2017 is waarskynlik die laaste Nagmaal te Tobie Mullerstraat 6, Philippolis gehou. Met die verhuising van broer en suster Johan en Mara Olivier na die Huis vir Bejaardes op Trompsburg het ons gedink net suster Johanna Pohl op Philippolis gaan agterbly. Met die Nagmaal het ons gehoor dat jong Johan Olivier, die Olivers se kleinseun, in hulle huis gaan intrek! Maar dit is so dat 'n eens aktiewe wyk (voorheen van die NHKA Aliwal-Noord en toe van NHKA Bloemfontein-Wes) so verklein het dat dit nie meer Nagmaal aldaar regverdig nie. Broer Olivier en suster Pohl sal wel by geleentheid Nagmaal in die kerkgebou in Bloemfontein

kan kom gebruik. Die hele wyk Philippolis, toe daar meer lidmate was, het saam met ons selfstandig geword. Suster Pohl is die weduwee van oorlede broer Jan Pohl, die digter Die Mannetjie (vorige FAK Sangbundel Lied 192). Hy sou op eerskomende 6 April 100 jaar oud wees. Daar word volgende Donderdagaand 'n hoorbeeld oor hom oor RSG uitgesaai.

Op die foto van links na regs suster Mara Olivier, skoondogter Luana en seun Paul, broer Johan Olivier, ouderling Bertie Schwarzendahl, ds Strauss en suster Pohl. Paul en Luana was daar om te help met die trek en Luana het die tafels laat kruin met 'n regte Boere-ete na die Nagmaal.



### REFORMASIE

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle vierings se gegewens vroegtydig deur te stuur.

Die Calvinistiese Alliansie het laat weet: U word ook byvoorbaat herinner aan die kongres wat vanjaar op **19 Augustus 2017** plaasvind. Die tyd en plek sal later bekend gemaak word.

### GEMEENTENUUS

Gemeente Wilge – Potchefstroom is vakant, Die gemeente versoek dat predikante wat

kan uithelp met preekbeurte, hulle sal kontak. Gemeentes word versoek om enige versoeke rondom preekbeurte positief te oorweeg.

### GHG BESTUUR

Tydens die Dagbestuur se vergadering van 20 Januarie 2017 in Pietersburg, is verskeie sake bespreek. Die opdrag om die notule van die Grootvlei vergadering te voltooi, is uitgevoer. Die finale notule met bylaes is aan gemeentes gestuur. U kan u skriba vra na "**Handelinge van die Algemene Jaarvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.**"

Die September GHG vergadering en Damesbyeenkoms word in **Schweizer-Reneke** gehou.

### RUSTENBURG DAMESTEE

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm. vir 10:00 fm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling kontak

Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

### BYBELVASVRAE

Jeugwerkers moet asseblief van die volgende kennis neem

Gemeente vasvra: **30 Julie 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus 2017**

Finaal: **27 Augustus 2017**

Bestek:

Laerskool: 1 Timoteus; HK Sondae 31 tot 44

Hoërskool en Ope afdeling: 1 en 2 Timoteus;

HK Sondae 31 tot 44

Gemeentes sal nog skrywes in die verband ontvang.

### **KATEGESE BERAAD**

Die beraad rondom die skryf van kategese materiaal sal plaasvind op 22 tot 24 Maart 2017. Dr Otto en ds Strauss sal nog die finale reëlins bevestig en dit sal aan die predikante deurgegee word.

Kerkrade word **vriendelik dog dringend** versoek om hulle predikante aan te moedig en te ondersteun om die beraad by te woon. Daar gaan ook indringend gesprek gevoer word oor die teologiese opleiding.

Die beraad sal plaasvind op die plaas *Fleur-de-lis* in die de Wagensdrift distrik.

Lidmate met kennis ten opsigte van sake soos faseologie is welkom om te kom saam praat.

### **MAKWASBYEENKOMS 2017**

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom.

### **ADAM TAS IN CULLINAN**

Kom kuier volgende maand saam met ons en Adam Tas, liedjieskrywer en sanger met diep liedjies en die diep rasperstem. Luister gerus na van hierdie klankgrepe en bespreek betyds by Alta 060 798 9209 Kom spandeer die middag in ons pragtige kunsdorpie en kom luister die aand saam na Adam.

Hier is ook heelwat oulike gastehuisse, sou u die aand wil oorslaap.

Sal u asseblief die inligting aanstuur na van u vriende?

Vriendelike groete, Yvette Otto

### **OORNAG FASILITEITE**

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

### **LEWENSBROOD**

Baie dankie vir die positiewe terugvoer wat ontvang is.

### **GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)**

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Afval R40

Kerrie en Rys R25

Nagereg R10

Uitstalling van ou motors



# Basaar

**Saterdag 4 Maart**

**08:00 – 14:00**

Kaasburgers

Skyflies

Pannekoek 3 vir R10

*Geloofsbond van Hervormde Gemeentes*

**Theresapark**

Springbokstraat, Theresapark

012 542 3568 / 012 542 1321 / 073 099 3699

Kompetisies

Vetkoek

Gebak en handwerk

Adam Tas



**25 Maart 2017 om 19:00**  
**Hervormde Kerk, Cullinan**  
**H/v Zonderwater & R515**  
**R130-00 per persoon**  
**Kerrie & Rys R30-00**  
**Besprekings:**  
**060 798 9209**



**GELOOFSBONDKWILT 2**  
**Lootjies R20 by eie gemeente**